DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**12 Junie 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jesaja 12, Johannes 7: 37 - 39 asook<br>Openbaring 21: 3 - 8 |
| **Tema** | Jesus Christus is die lewende water! |
| **Sang** | Psalm 89: 1, 2<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 48: 5<br>Skrifberyming 8-1: 1, 2<br>Psalm 23: 3<br>Skrifberyming 18-6: 1, 4, 5 |

Nagmaal is die fees van die versoende lewe wat ons uitgenade ontvang het. Water gee lewe. Sonder water sterf mens en dier en plant. Tydens die Loofhuttefees leer Jesus die feesgangers dat Hy die eintlike inhoud van die fees is. Meer nog, Hy sal strome lewende water uit almal laat vloei wat in Hom glo.

Die Loofhuttefees was 'n fees van die waters. Deur die hele geskiedenis van die HERE se volk het Hy hulle dikwels met waterwonders versorg. Selfs deur die woestyn. By die Loofhuttefees herdenk die volk die letterlike watervoorsiening. Jesus wys dan op die dieper betekenis van die fees. Hy is die lewende water. Wat gebeur as jy die geestelike water drink?

Strome lewende water vloei uit jou. Daar is net een Bron van lewende water, naamlik Jesus self. Wanneer ons in Jesus Christus glo, omskep Hy ons lewe tot ’n stroom lewende water deur die Heilige Gees as eerste gawe aan ons almal. Die Heilige Gees laat ons inskakel by die Bron van alle lewende water. En by Hom sal jy nooit weer dors kry nie. Maar let op: Jesus sê ons is strome lewende water, nie damme nie. Ons ontvang genade op genade uit die HERE se hand en moet daarom onder die leiding van die Heilige Gees die sluise van ons harte wawyd oopmaak sodat sy lewende water deur ons na ander kan vloei. By Hom is daar nooit ’n tekort nie, want deur die werk van die Heilige Gees laat Hy elke dag lewende water in ons instroom. Wees kanale waardeur die HERE se lewende water na hierdie wêreld toe vloei en verkondig Sy liefde!

Die lewende water wat vanaf Pinksterdag die wêreld in begin stroom het, genees die nasies, genees die ganse skepping. Ons sien met reikhalsende verlange uit na sy wederkoms. Ons dors na Hom. Ons lewe met sy belofte: “Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.” (Openbaring 21:6)

# OOG VIR MEKAAR



- Ons is baie dankbaar dat Theyman Jongbloed se breinoperasie kon plaasvind. Ons bid vir hom, Simonè en die seuntjies die seën van die Here toe op die herstelpad. Die gewas is nie volledig verwyder nie, daar wag 'n opvolg operasie. Ons dink aan jou Rika en vir die ondersteuning wat jy gee.
- Ons bid vir Philip Snyman wat 'n operasie in Midstream ondergaan het. Hy het 'n omleiding gehad asook 'n aorta klep wat vervang is. Sterkte vir Estelle en die familie.
- Gerdien Kuijpers ontvang steeds chemoterapie. Ons bede is dat die Here jou sal toevou in Sy liefde en genade wanneer die newe-effekte die opdraande baie steil maak.
- Ons bid vir tannie Lenie Bothma wat in die Provinsiale hospitaal opgeneem is. Sy verduur baie pyn en ongemak en is swak. Ons dink ook aan Ansie Venter in die moeilike omstandighede.
- Ons bid vir Antoinette Sauerman wat die 22ste Junie weer 'n operasie aan haar hand ondergaan. Hannes se versorging bly 'n groot kwelling vir haar.
- Petra vd Walt was die afgelope week in Mediclinic. Ons is dankbaar dat dit beter gaan en bid vir jou en Hannes die seën van die Here toe met die herstel.
- Ons is dankbaar dat Nelie Badenhorst se handoperasie uiteindelik kon gebeur. Ons bede is dat die pyn algaande minder sal word en dat jy spoedig weer jou hand ten volle kan gebruik. Sy moet weer die dokter in die week besoek.
- Ons is dankbaar dat Tialeen Venter weer tuis is. Die bloeding is minder, maar nog nie volkome genees nie. Ons bedank die gemeente vir julle meelewing en bystand. Baie dankie vir almal wat kos gebring het en ons ook geestelik versorg het. Ons waardeer julle.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 12 JUNIE

**Diensbeurt: D2 Bendor**
**Ouderling: Phillip vd Walt**

**Katkisasie: GEEN**
**Diaken: Reinhardt Weidemann**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE




12 Junie
**Geen of tee word bedien nie agv die Nagmaal.**

19 Junie
**Zani Prinsloo**
**Mart-Alet Schnehage**
**Salomie Smit**
**Estelle Snyman**
**Marietjie Venter**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 13 Junie 2022 | 18:00 | *Kerk* | Diakonievergadering |
| 14 Junie 2022 | | *GEEN* | Bybelstudie |
| 15 Junie 2022 | | *GEEN* | Bybelstudie |
| 15 Junie 2022 | | *GEEN* | Bybelstudie |
| 16 Junie 2022 | | *GEEN* | Bybelstudie |
| 16 Junie 2022 | | *GEEN* | Bybelstudie |



# KALENDER




| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 13 Jun | Lene Potgieter | 22 | B | 073 001 2904 |
| Di 14 Jun | Rika Jongbloed<br>Welize Stander | 66<br>11 | B<br>D | 072 189 9318<br>082 477 8009 |
| Wo 15 Jun | ***Annelize v Tonder **** | ***70*** | B | 082 257 8592 |
| Do 16 Jun | ***Elmaree Peyper ****<br>Deon Grobler | ***72***<br>58 | B<br>B | 082 795 9630<br>083 276 3701 |

# ATTESTATE ONTVANG

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

***Belydende lidmate:***
Peet en Sannie Schutte
vanaf GK Koster.

Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."*

*Johannes 16: 33*

## DIAKONIE

**Die diakonie se kosrakke is uitgeput en leeg.** Ons vra almal se **hulp om ons kasrakke aan te vul** en benodig die volgende items:



**Rys; mielie meel; suiker; olie; blikkies kos soos bv vis; groente; tamatie en uie sous; boontjies ens, daar is ook 'n tekort aan toiletpapier; tandepaste en badseep.**

Ons versoek lidmate om ons te help met die met bogenoemde items. Ons versorg baie gesinne van ons gemeente met die kos en ons het almal se hulp nodig.

# *GEMEENTEKAMP*

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



# EVANGELISASIE



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

Ons samelewing kom deur twee jaar van isolasie en verarming, op ‘n geestelike en fisiese vlak.

Deur die Gees gedryf is ons, jy die sout en lig in hierdie wêreld.

Hoor wat sê die Woord in Mat 5:13-16



Julle is die sout van die aarde...

Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;
en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.



# EVANGELISASIE (VERVOLG)



Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.


Bid dat die Heilige Gees jou en ons gemeeente so vul, dat ons Christus se liefde kan uitdra.



Kom ons begin en groet alle mense wat ons pad kruis hierdie week met 'n vriendelike groet:

Goeie dag, geseënde dag vir jou.

Good morning, may you have a blessed day.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2022
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
FEB
MRT
APR
MEI
R 129 686.00
R 182 396.24
R 128 217.00
R 93 583.74
R 116 746.00
R 116 125.32
R 134 082.00
R 102 506.37
R 103 267.00
R 161 440.35

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei .*

*Johannes 7: 38*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS